**7 April** **Skrifgedeelte: Psalm 130**
**Fokusgedeelte: Psalm 130:8**

**God alleen kan verlos**

Ons raak maklik gewoond aan sonde. Dan glip ons ligweg in ons gebede daaroor heen met: “Here, vergewe ons ons sondes!” Sonde is iets verskrikliks! Sonde beteken ek draai die rug op die lewende God! Sonde bring skeiding tussen ons en God (Jes 59:2). Dit is die diepste oorsaak van al die massas ellende wat ons belewe. Die ergste is dat ek en jy daagliks ons deel daartoe bydra! Sonde bly die mens se grootste gevaar (Spr 29:6). Gelukkig het Jesus Christus mens geword om met sy lyde vir ons sonde te betaal. Hy alleen kan ons verlos (Hand 4:12). Maar dan moet ons van harte berou hê (2 Kron 34:24-28; Ps 51:19).

Het jy waarlik berou? Bely jy jou sondes eerlik uit jou hart? Die vryspraak wat daarop volg, is heerlik. So alleen kan jy jou doel in hierdie lewe bereik om God met dankbaarheid en oorgawe te dien. ’n Dankbare mens kan nie ongelukkig wees nie!

*Sing: Psalm 130:2, 4* *Ds. APC Duvenage (Emeritus)*